MONITOR NET

2017 Jaarlikse Nuusbrief

Welkom by die nuut aangepaste Monitor Net nuus. Alhoewel hierdie die jaarlikse uitgawe is wat die begin van die nuwe jaar aankondig, sal ons kwartaalliks aan u die Nuusbrief stuur, om u op hoogte te bring met die nuutste nuus, tesame met die nuutste inligting vanuit die Sekuriteitsindustrie, wat ons glo, u interresant sal vind.

Ons is trots op die feit dat ons noue, en volhoubare verhoudings met ons kliente het, en ons vertrou dat u hierdie nuusbrief terdee sal geniet. Ons verwelkom u terugvoer en aanbevelings rakende hierdie uitgawe, en moet nie huiwer om alle aspekte van ons diens aan u, met ons te bespreek nie.
Gesels met ons by cl@monitornet.co.za

Paul Gerber
Algemene bestuurder

Ons het die reg om te spog

Sellulêre fone was tien jaar terug, bloot 'n toestsel wat gebruik was om oproepe te maak, te ontvang, en beperkte boodskappe (SMS'e) te stuur. In teenstelling hiermee, gebruik minder as 30% van eindverbruikers deesdae Sellulêre fone bloot vir oproepe, aangesien die tegnologie vêr gevorder het en daar legio nuwe en handige kenmerke is wat met die vingerpunte op die selfoon beskikbaar is.

Toe die multi-biljoen dollar Sellulêre foon maatskappy, Nokia, oorgeneem is deur Microsoft, het Nokia se "CEO", Stephen Elop, in sy laaste toespraak gesê "Ons het niks verkeerd gedoen nie, maar tog het ons verloor". Dit was 'n duidelike boodskap aan besighede om "aan te pas" by die vining ontwikkelende tegnologiese era, waar besighede gebruik moet maak van die nuutste tegnologie, nie net om 'n besigheid meer koste effektief te bestuur nie, maar ook om die koste effektiweiteit oor te dra tot voordeel van die eind verbruiker.

22 jaar later is hierdie klein maatskappy, genaamd Monitor Net, steeds bekend as die mees innoverende sekeruteits diensverskaffer in die land, en groot internasionale rolspelers kan nie uitgepraat raak rondom ons "buite die boks" denkpatrone nie. Spogregte het ons verseker, en in die lig van die Nokia ineenstorting asook ons fokus op tegnologiese ontwikkeling in 2014 en 2015, het dit juis gegaan rondom beter, vinniger en meer akkurate diens aan ons kliente, terwyl ons aan die klient ook verbruikersvriendelike beheer oor sy sekerheids omgewing wil bied.

Ons handhaaf steeds ons standaard deur die bes opgeleide beheerkamer operateurs en reaksie offisiere, met die meeste reaksie voertuie in ons diens areas te plaas, maar nou, met die hulp van tegnologie word dienste meer verfyn en effektiewer bestuur en gelewer.

Die Monitor Net toepssing is maar 'n enkele voorbeeld van verbruikersvriendelike tegnologie wat aan die verbruiker nie net 'n verskeidenheid van noodknoppies bied nie, maar ook 'n eenvoudige manier waarop die verbruiker beheer neem oor sy alarm sisteem, ligte en veel meer.

Die sukses van ons strewe na tegnologie is die feit dat kliente (uitgesluit Brits en spesiale projek areas), vir twee jaar in 'n ry vrygestel was van diensfooi verhogings. Gesien in die lig van die huidige ekonomiese klimaat, is dit voorwaar 'n ongelooflike prestasie op sy eie.

Die Monitor Net / Emer -G - Med alliansie

EMER-G-MED
When seconds count

Ons Mediese reaksie voertuig, "Victor 1" is operasioneel vir meer as 'n jaar, en die dienste aan kliente gelewer, is 'n reis wat nie in woorde beskryf kan word nie. Ons het 'n reuse verskil gemaak in mense wat in nood verkeer het, mense wat trauma beleef het en mense wat beseer was. Vir die eerste keer begryp ons die stelling, "'n Paramedikus staan bo almal uit, wanneer hy op sy knieë is".

Die "ILS" Paramedici, Reaksie offisiere en die SOS beheerkamer operateurs, het 'n hegte verhouding en hulle deel die passie vir diens aan ons kliente deur letterlik die ekstra myl te loop.

Onthou dat u as klient, volle toegang het tot hierdie uiters noodsaaklike diens, en dat die Mediese reaksie na u sal reageer, die pasient sal stabiliseer en wag, totdat 'n ambulans op die toneel opdaag, om die pasient na die hospitaal af te voer. Hierdie reaksie- en stabiliserings dienste is ingesluit in alle "Premium" tarief en Mobiele toepassing kliente,

Gemoedsrus…wanneer sekondes saak maak!

MONITOR NET

'n *M*assiewe impak deur die Monitor Net Mobiele Toepassing …. in 'n oogwink

Die sukses en effektiwieit van die Monitor Net Mobiele Toepassing, kan eenvoudig nie in woorde omskryf word nie. Die glimlagte, dankbaarheid vir lewens gered en die tientalle "duime in die lug" deur tevrede kliente, het ons weereens laat besef hoe waardevol hierdie Toepassing werklik is.

'n Paar getuigskrifte van dankbare en tevrede kliente;



Marius – *Ek kan nie genoeg dankie se vir die Reaksie offisiere, Paramedikuste, beheerkamer operateurs en aan Andries en die Toepasssing span. Monitor Net was op die toneel binne 6 minute en ek was opgeneem te Unitas hospitaal 30 minute na die ongeluk.*

Susan – *Ek was erg getraumatiseer waar ek aan die kant van die pad gelê het, na die ongeluk. 'n Vriendelike Paramedikus het in 'n sagte gerussstellende stem met my gepraat, en aan my vertel dat hulle die uitroep via die Monitor Net Toepassing ontvang het. 'n Ooggetuie het dit vanaf sy selfoon geaktiveer en so is die Monitor Net Mediese Reaksie na my uitgestuur. Ek is so dankbaar!*

Mo – *Ek het gehoor hoe skote afgevuur word en ek het onmiddellik die Paniekknoppie op my Monitor Net Toepassing gedruk. Binne minute was 'n Monitor Net Reaksie eenheid by my adres, gevolg deur GPF lede, geklee in hulle helder glimbaadjies. Al wat ek kan se is, Wow!*

Jim – *Die Toepassing is nie net gebruikersvriendelik nie, maar geweldig effektief. My kind was aangeval deur 'n swerm bye, en buiten dat ek telefonies eerstehandse bystand gekry het van 'n opgeleide Paramedikus, het die Monitor Net Mediese Reaksie voertuig by die toneel opgedaag binne 4 minute. Die Paramedikus aan boord was 'n goed opgeleide professionele Paramedikus, en ek kan nie genoeg dankie sê aan hierdie ongelooflike span vir uitstaande diens gelewer nie.*

Cathy – *Ek het die Monitor Net Mobiele Toepasssing geaktiveer, want ek was alleen tuis en baie bang nadat ek geluide vanaf my huis se dak gehoor het. Dean, verbonde aan die Monitor Net SOS stasie het my geskakel en aangedring dat hy aanlyn bly, totdat 2 Monitor Net Reaksie offisiere saam met die SAPD aan my deur geklop het. Die gemoedsrus om 'n bevoegde operateur aanlyn te hê, en om die professionele mense by my deur te ontvang in my uur van nood, dit noem ek "onbeskryflik"!*

***A*s jy dit nie het nie, kry dit nou!**

Hierdie is verseker een van die produkte wat, as jy dit eers het, nie sonder kan klaarkom nie.Tot almal se verbasing is die Monitor Net Mobiele Toepassing (nood reaksie platform), gratis, MAHALA, verniet, vir die eerste 2 gebruikers, met dien verstande dat u 'n "Premium pakket" klient is. Kontak gerus vir Lizane by as@monitornet.co.za gedurende kantoor ure vir meer inligting en bystand.

***N*uwe Taktiese Reaksie Offisiere**

Die Monitor Net Taktiese span, bekend as die S.T.O.P span (Specialized Tactical Operational Personnel) het verlede jaar, ses nuwe Reaksie Offisiere ryker geword. Na voltooiing van die uitmergelende Kopano seleksie fase en daarna die intense Taktiese opleidings kursus, het hierdie ses Offisiere hul status as Taktiese Offisiere verdien en by die bestaande Spesialis span aangesluit.

Hulle het reeds, tydens hulle kort tydperk as lede van die span, hulle bevoegdheid bewys en hulle het behoorlik "tande" gewys deur die aantal arrestasies uitgevoer asook hul diens aan ons kliente sowel as aan hulle kollegas, waar hulp en bystand verleen is tydens hoe risiko take. En ja, die goeie nuus is dat RRRRRRRRRRRRoger Mdluli terug is op die pad en soos in die verlede, "Gereed is vir Aksie!"

MONITOR NET

Oorsig oor **Centurion**

Centurion word steeds geteiken deur kriminele elemente wat hul toespits op eiendomsverwante misdaad. Huisbraak en diefstal, diefstal van motorvoertuie en diefstal vanaf/vanuit motorvoertuie, se statistiek is steeds baie prominent in die Centurion Polisiërings areas. Gemeenskaps deelname tydens misdaadvoorkomings inisiatiewe is absoluut uitstaande en die onselfsugtige toewyding deur Gemeenskapslede wat hul tyd en geld opoffer om hul woongebiede te patroller en te Polisieër, moet erken en waardeer word.

Die SAPD, Metro Polisie, Sekerheidsdiensverskaffers, saam met die Gemeenskap van Centurion, is 'n gedugte span, en 'n voorbeeld vir die res van die land se mense.

Oorsg oor die Brits area.

Eiendomsverwante misdaad is steeds die mees prominente misdaad in Brits, en huisbraak en diefstal, steeds die grootste kopseer. Diefstal van- en uit voertuie het ook toegeneem en dit is algemene kennis dat die alombekende "Kamera kamer" wat die CCTV kameras gemonitor het, gesluit is.

Monitor Net bestuur het verskeie besprekings met die SAPD gevoer rondom die CCTV monitering in Brits, en 'n voorlegging is na die Nasionale Kommissaris van Polisie gestuur, juis om hierdie baie effektiewe misdaadvoorkomings middel te laat herleef. Ons wag vir terugvoer en sal u op hoogte hou van verwikkelinge.

Die GPF is ongelukkig klein, maar die verhouding met Monitor Net is uitstekend. Die Reaksie Offisiere wat die Brits area bedien, deel daagliks inligting met die GPF en daar wordwedersydsbystandverleen tydens misdaadvoorkomings aksies en patrollies.

Oorsig oor die Grootfontein / Rietvlei View area

Eiendoms verwante misdaad wek steeds die grootste kommer in die Grootfontein / Rietvlei View area, waarvan huisbraak steeds die prioriteit misdaad is wat aangespreek moet word. Gewone diefstal sluit in diefstal van TV's, tuingereedskap, perdesorg toerusting en bande vanaf voertuie.

Die Welbekend Polisie en Monitor Net deel inligting rakende misdaad tendense en –patrone op 'n daaglikse basis, en Monitor Net het 'n baie sterk en gevestigde informante netwerk wat deurlopend inligting insamel. Kolonel Cronje en Kaptein Strydom is staatmakers wat inligting wat ons deel, verwerk en opvolg, en daar kan altyd op hul staat gemaak word.

Misdaadvoorkomingsaksies in samewerking met Monitor Net, die Gemeenskap en die SAPD was baie suksesvol, en daar sal beslis nog meer sigbare optredes in 2017 plaasvind. Ons het groot waardering vir die betrokkenheid van Gemeenskapslede wat ons bystaan ter beveiliging van hierdie pragtige gebied.

Oorsig van Randjesfontein

Randjesfontein kan eenvoudig nie vergelyk word met aangrensende gebiede, wanneer misdaad die onderwerp ter bespreking is nie.

Die verhouding tussen die Randjesfontein sekerheids kontengent en Monitor Net is uitstaande, en Johan Dijksman en sy span verdien 'n GROOT Monitor Net saluut aangaande fantastiese spanwerk, toewyding en eienaarskap teenoor die beveiliging van die Randjesfontein Gemeenskap. SAPD Midrand, en spesifiek by name Kaptein Naas Molepo is altyd beskikbaar, en Kaptein Naas is deesdae 'n huishoudelike naam in Randjesfontein. Dankie aan elke vennoot in die geveg teen misdaad, en dankie aan die Randjesfontein Huiseienaars vereniging vir die volgehoue ondersteuning.

MONITOR NET

Finansies

Die Finansiële span verdien ’n klop op die skouer, deurdat kreatiewe en innoverende bestuur ‘n verhoging in diensfooie vir die afgelope twee jaar in ‘n ry vir Centurion kliente afgeweer is. Hierdie jaar moet ons egter noodgedwonge ‘n verhoging in diensfooie aankondig soos volg:

- Centurion kliente – 6.5% (+/- R 26.00) verhoging,
- Brits kliente – 8% (+/- R 31.00) verhoging,
- Rietvleiview/Grootfontein Langoede – 7.5% (+/- R 37.00) verhoging, en
- Randjesfontein Landgoed – 8% (+/- R 39.00) verhoging..

Bogenoemde verhogings sal op 1 Maart 2017 effektief in werking tree.

Kliente met radiosenders geinstalleer, neem asseblief kennis dat die eenmalige jaarlikse netwerk fooi, ten opsigte van die kommunikasie en instandhouding daarvan, gedebiteer sal word op 1 Maart 2017, ten bedrag van R360.00

Doelstellings vir 2017

Alhoewel ons, “agter die skerms”, talle doelwitte gestel het vir die nuwe jaar, is ons fokus vir 2017 nog beter kommunikasie met ons kliente en die optimalisering van tegnologie, tesame met die bekendstelling van ons nuwe produkte en dienste.

Hierdie jaar gaan ons met u, ons gewaardeerde klient, gesels en u op hoogte hou van ons reis, die uitdagings wat ons beleef, wat ons bereik en hoe ons doelwitte bereik. Ons gaan ook op u knoppie druk rakende die bestuur van ooraktiewe stelsels (vals alarms). Verder gaan ons bande versterk en saam misdaad beveg in ons pragtige voorstede.

Dis ook weer tyd waarin ons ons berugte kreatiewe en innoverende denke optimaal aanwend en weereens “Spelveranderende” produkte en dienste loods. Die opwindende reeks van tegnologie sal teen die einde van die tweede kwartaal van hierdie jaar geloods word. **Hou hierdie spasie dop, Elon Musk…maak jou reg om GROEN van jaloesie te wees!**

Statistiek vir 2016

Loer bietjie wat agter die skerms plaasgevind het in 2016.

Lewens gered	279
Arrestasies deur Monitor Net Reaksie offisiere	109
Arrestasies deur Monitor Net Reaksie offisiere tydens gesamentlike optredes	102
Totale seine hanteer deur die Beheerkamer	2 336 647
Gemiddelde aantal noodseine hanteer deur beheerkamer per skof	277
Kilometers afgelê deur Reaksie voertuie	1 905 700
Gemiddelde kilometer afgelê deur ons Reaksie voertuie per maand	158 808
Gemiddelde reaksietyd	05:32

Ter afsluiting

Die manne en vroue by Monitor Net is buitengewone mense, en ek sal in my taak faal, as ek hulle nie, uit my hart uit, bedank vir toewyding, passie en entoesiasme, in die diens wat hulle lewer aan ons kliente. Lang ure, erge werksdruk en die omvang van hul werk, bied uitdagings, meer as wat ooit besef word.

Alhoewel verskeie ondersteuningsmaatreels reeds bestaan, moet die Bekeerkamer operateur daagliks kritiese besluite neem wat die verskil tussen lewe en dood beteken. Eweneens, funksioneer die Reaksie offiisiere daagliks in lewensgevaarlike situasies. Daar word egter van beide partye verwag om kalm besluite te neem, nie net om lewensverlies te voorkom nie, maar ook om ten alle tye, die belang van die klient eerste te stel.

Aan die Tegniese-, Administratiewe- en Ondersteunings departemente, baie dankie dames en menere! Ek sal enige oorlog tegemoet loop, met julle aan my sy.
Aan ons lojale en gewaardeerde kliente, baie dankie vir die ondersteuning oor die tydperk van 22 jaar. Julle is nie “deel van ons wereld” nie, maar julle “**IS ons wereld**”! Dankie vir die voorreg om julle te kan bedien en mag 2017 ‘n veilge en geseënde jaar vir u en u geliefdes wees.

Die MONITOR NET span